MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

2 February 2010

Artikel oor plaasmoorde in Nederlandse pers
"Hoewel nuus oor plaasaanvalle en plaasmoorde in Suid-Afrika in die verlede in die buiteland mediadekking geniet het, was dit betreklik seldsaam. Met die oë van die wêreld op Suid-Afrika aan die vooraand van die wêreldsokkerbekertoernooi, kan hierdie prentjie baie gou verander," aldus ds. Theunis Botha, leier van die Christen-demokratiese Party (CDP).

Botha, ook waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie (CDA) het gereageer op 'n berig in die Nederlandse Trouw waarin in betreklike grusame detail oor Suid-Afrikaanse plaasmoorde berig word.

"Ek het al tevore medianavrae hieroor uit die buiteland gekry, maar van lande wat self aan die toernooi gaan deelneem. Die mense stel nie net belang nie, hulle is bekommerd. Een van die hoofredes vir die aanbied van die toernooi is om Afrika se beuel internasionaal te blaas. Nou, so wil dit lyk, is al wat ons gaan blaas fufuzelas is, en dat nuusdekking oor slaggate in die paaie, die misdaad en politieke leiers se onaanvaarbare gedrag die mediadekking gaan oorheers en dat Suid-Afrika lank na die toernooi die wrang vrugte gaan pluk."

"Suid-Afrika se buitelandse wittebrood is duidelik verby, en die president se sekskapades dra daartoe by dat die troukoek muf.

"Dit is nie te laat om van die belangrikste sake nog te beredder nie. 'n Sigbare morele herlewingsaksie wat in dade omgesit word soos om misdaad en korrupsie hok te slaan ongeag wie geïmpliseer word, is nou dringend nodig. Ons volstaan egter daarby dat die president self reeds vir hierdie taak geweeg en te lig bevind is. Hy kan nie meer deel van die oplossing wees nie."

Article on farm murders in Dutch press
"Although farm attacks and farm murders in South Africa, generated media coverage abroad in the past, it was not common. With the eyes of the world now fixed on South Africa ahead of the Fifa World Cup tournament this may change very soon," says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha.

Botha, who is also acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA) was reacting to a report in the Dutch newspaper, Trouw, in which South African farm murders are described in fairly gruesome detail.

"I have already received media enquiries from abroad, from countries which will be participating in South Africa. The people are not only showing an interest in South Africa, but are concerned. One of the main reasons we are hosting the tournament is to sketch a positive image of South Africa. It seems, however that the politicians, unlike the players, are not playing the ball but rather playing with a boomerang. The news coverage may well turn out to be focussing on potholes, crime and the president's carryings-on.

"South Africa's honeymoon with many foreign countries appears to be something of the past and Zuma's actions are spoiling the wedding cake.

"It is not too late to salvage the most important issues. A visible moral regeneration action must urgently be put in place, combating crime and corruption, and axing anyone, irrespective of whom may be involved. We reiterate our stand that the president is part of the problem, and not part of the solution."